STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 52 - 2019 • EDITION 52- 2019

Van die Burgemeester
From the Mayor

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/
Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

Liewe Inwoners

Ons streek loop oor van talent! Oral waar ek gaan ontmoet ek uitblinkers wat op verskeie gebiede presteer en ons naam hoog hou. Met die afloop van die Rugby Kampioenskap het die breër Stellenbosch regop gesit en met trots gekyk hoe Herschel Jantjies die land aand gons het met sy uithaler spel. Veral Kylemore se inwoners het breëbors Jantjies ge-eien as 'n trotse inwoner. Ons is saam met sy ouers en sy hele gemeenskap trots op hierdie nuwe Springbok.

Omdat sport hierdie belangrike rol as gemeenskapsbouer speel, is dit ook belangrik om al ons sportgronde in herbeskou te neem en opgraderings daaraan doen. Tans word daar spesifiek na Idasvallei gekyk. Vandalisme en diefstal is oral 'n groot probleem en ons inwoners moet ons asseblief help om die skuldiges aan te keer. Ons het eenvoudig nie die geld om aanhoudend reg te maak nie. Mense weet tog wie verkoop onwettig goedere en moet dit asseblief aanmeld. Ons herbesin juis nou ons sportbeleid, want die model van die laaste paar jaar kon nie hierdie probleme voorkom nie.

Baie van ons inwoners maak wonderlike bydraes tot ons gemeenskap, sonder dat hulle erkenning daarvoor soek. Hulle doen dit omdat hulle 'n passie vir hul gemeenskap het en 'n behoefte om ander te help. Lindy Truswell van Franschhoek was so 'n persoon.

Dear Residents,

Our region is full of talent! Everywhere I go, I meet achievers who shine on various stages and make us very proud. During the Rugby Championship, the broader Stellenbosch region sat up and took notice of Herchel Jantjies. Herchel made us all proud with his outstanding performance on the field. Residents of Kylemore were especially proud to claim him as one of their own. Along with his parents and the entire community, we are proud of our newest Springbok.

Sport plays such a valuable role in building communities and that is why it is important for us to examine all our facilities and to make the necessary upgrades. At the moment, we are looking specifically at the Ida's Valley Sports grounds. Vandalism and theft is a big problem and we are asking our residents to please help to us to arrest the guilty parties. We simply do not have the money to continually make repairs. People sometimes know who sells illegal or stolen goods and they must please report it to the authorities. We are currently busy reviewing our sports policy because the current model we are working with cannot address these problems.

Many of our residents make wonderful contributions to our communities without looking for or wanting recognition for it. They do it because they have a passion for their community and they enjoy helping others. Lindy Truswell from Franschhoek is one such person.

Lindy was a resident of Franschhoek and

SPAAR WATER
SAVE WATER

Law Enforcement/
Wetstoepassers
Bl 3/ Pg 3

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

Lindy was ‘n inwoner van Franschhoek en was baie betrokke by die jeugkomponent van die Franschhoek Literêre Fees. Sy is in Augustus 2018 oorlede. Ter nagedagtenis het haar familie onlangs ‘n groot skenking jeugboeke aan die Groendal Biblioteek gemaak. Ek het hierdie wonderlike skenking namens die Munisipaliteit ontvang en was diep getref deur hoe belangrik Lindy se nalatenskap van boeke aan die gemeenskap vir haar familie is. Baie dankie aan die Truswell-familie vir hierdie wonderlike skenking. Boeke is ‘n waardevolle nalatenskap en elke storie wat u geskenk het gaan verseker iemand se lewe aanraak.

Soos u teen die tyd weet, neem Stellenbosch FC vir die eerste keer deel aan die PSL Sokkerliga. Dit is ‘n enorme prestasie en ek was bevoorreg om onlangs die amptelike voorstelling van die span en hulle nuwe uniforms by te woon. Die nuwe uniforms is hoofsaaklik maroen en goud, en hulle staan werklik uit as verteenwoordigers van ons streek. Die span bestaan uit hope plaaslike talent, asook ‘n paar internasionale en nasionale spelers, wat vir eers Stellenbosch hul tuiste gaan noem. Hierdie spanprestasie beklemtoon weereens die mag van sport as ‘n multikulturele, internasionale aktiwiteit en brugbouer in gemeenskappe. Ons werk tans saam met die Universiteit en goedgesinde borge om seker te maak dat Stellenbosch FC ‘n gepaste tuiste binne Stellenbosch kan kry. Ondersteun hulle gerus! Dit is ons kinders en ons is trots op hulle!

Stellenbosch se wetstoepassers sal binnekort in staat wees om in sekere omstandighede met meer mag op te tree. In Oktober 2018 het die nasionale minister van polisie verklaar dat sekere munisipale wetstoepassers meer magte gegun word. Volgens die gepromulgeerde verklaring kan munisipale wetstoepassers in sekere omstandighede en onder sekere voorwaardes optree as arrestasiebeamptes in sekere gevalle van misdaad. Tot nou toe kon ons wetstoepassers slegs munisipale verordeninge polisieer en die SAPD ondersteun indien hulle versoek word.

Dit is egter belangrik dat voor ons wetstoepassers hul addisionele pligte opneem, elke offisier die nodige opleiding sal ontvang. Basiese opleiding is reeds deur die SAPD verskaf en die offisiere wat opgelei is het almal hul sertifikate van bevoegdheid ontvang en kan optree as vredesoffisiere. Daar moet egter addisionele opleiding ook gedoen word om seker te maak ons amptenare kan hul nuwe pligte uitvoer en dat hulle en die gemeenskap veilig is. Ons gaan hoegenaamd nie die rol van die Polisie oorneem nie, maar die addisionele magte stel ons in staat om saam met al ons vennote meer voete op die grond te sit om misdaadvoorkoming toe te pas.

Die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke het ons ingelig dat die Franschhoek-pas heelwaarskynlik teen die einde van September 2019 weer oopgestel sal word. Die pas is sedert 22 Junie vir alle verkeer gesluit na twee opeenvolgende rotsstortings die sluit van die pad genoodsaak het. Die geotegniese studie is intussen afgehandel en indien die weer dit toelaat en al die nodige herstelwerk voltooi is, sal

was very involved with the youth component of the Franschhoek Literary Festival. She passed away in August 2018. In honour of her memory, her family recently donated a large collection of youth books to the Groendal Library. I received this wonderful donation on behalf of the Municipality and was deeply touched by how important Lindy’s legacy of books to the community, was to her family. Thank you to the Truswell family for this amazing gift. Books are a valuable legacy and every story you donated will affect someone’s life in a great way.

As you know by now, Stellenbosch FC is taking part in the PSL soccer league for the first time. This is a tremendous accomplishment and I was honoured to attend the launch of their new kits and the introduction of the team. The new uniforms are mainly maroon and gold and truly stands out as a true symbol of our region. The team consists of tons of local talent as well as ‘n few international and national players that will be calling Stellenbosch home for now. The team’s accomplishments once again emphasises the power of sport as a multicultural international activity and connector of communities. We are currently working with the University and sponsors to make sure that Stellenbosch FC gets an appropriate home within Stellenbosch. Please support them. These are our neighbours, friends and kids and we are proud of them!

Stellenbosch’s law enforcement officials may soon be able to, under certain circumstances, act with more authority. In October 2018 the national minister of police declared that certain municipal law enforcement officers will be granted additional powers. According to the promulgated statement, law enforcement officials will be able to act as arresting officers in certain situations under certain circumstances. Thus far our law enforcement officials have only been allowed to enforce municipal by-laws and support the SAPS if and when requested.

It is however very important that before our law enforcement officials take on any additional responsibilities, every officer receives the necessary training. Basic training has already been provided by SAPS and the trained officers all received competency certificates to act as peace officers. Additional training must however be completed to ensure that our officers can perform their new duties effectively and efficiently. We are not in any way taking over the role of the police, but additional powers will enable us to, along with our various partners, have more feet on the ground to assist with crime prevention.

The Provincial Department of Transport and Public works informed us that the Franschhoek Pass will possibly be reopened towards the end of September 2019. The pass has been closed to all traffic since 22 June due to two large rockslides. The geotechnical study has been completed and weather permitting, the necessary repair works will be done

die pas weer oopgestel word. Ons sal u deurlopend op hoogte hou, soos die provinsie aan ons inligting verskaf.

Ongelukkig het die gemeenskap van Johannesdal en Pniel die afgelope winter baie kragonderbrekings ervaar. Ons weet dit is uiters frustrerend en ontwrigtend vir ons inwoners. Ek wil dus graag die geleentheid gebruik om aan die inwoners te verduidelik wat die redes hiervoor is, en wat ons doen om dit reg te maak en te voorkom.

Alhoewel die winter ons geseën het met baie reën, het ‘n aantal storms en gepaardgaande stormsterk winde baie probleme groot boomtakke afgeskeur en bome omgewaai. Die takke en bome het dikwels op kragdrade geval wat gelei het tot onderbrekings. Die netwerk, soos ons dit oorgeneem het by Drakenstein Munisipaliteit, het ook geen sonebeskerming ingebou gehad nie. Dis baie tegnies, maar dit beteken dat wanneer daar ‘n fout of ‘n probleem in die netwerk ontstaan, die hele streek se kragtoevoer geaffekteer word, en nie net die klein sone waar die fout is nie. Dit vertraag die vinnige opsporing van foute en die hele netwerk moet gekontroleer word voor die krag aangeskakel kan word.

Ons het egter planne in plek gesit en voorsiening in die begroting gemaak om die probleme aan te spreek. Die netwerk sal opgegradeer word en die nodige sone beskerming sal geïnstalleer sodat foute in die netwerk vinniger gevind en aangespreek kan word. Nuwe toerusting sal ook aangekoop en geïnstalleer word om veral die verouderde, oneffektiewe toerusting te vervang. Takke en bome na aan kragdrade word gereeld nagegaan en ons probeer sover moontlik proaktief die bome snoei, om kragonderbrekings te voorkom. Ons het ook begroot vir ‘n nuwe substasie in Dwarsrivier wat ons volle beheer oor ons kragvoorsiening in die streek sal gee.
September is Erfenismaand en Toerismemaand. In ons streek is die twee veldtogte baie nou aan mekaar verbind. Ons erfenis is deel van wat ons ‘n gesogte toerismebestemming maak, beide plaaslik en internasionaal. Ek wil u graag aanmoedig om tog betrokke te raak by die erfenis en toerisme geleenthede in ons dorp. Die E’bosch erfenisprojek is ‘n inisiatief wat regoor ons streek funksioneer en sluit rolspelers van die Munisipaliteit, Universiteit, gemeenskap en besigheidsektor in. Kontak hulle gerus om uit te vind hoe u betrokke kan raak by die bewaring, uitbou en deel van ons multikulturele erfenis. En geniet die pret wat daarmee saamgaan!

U sou reeds in die plaaslike media verneem het van die samekoms van ons wyn en toerisme bedryf, deur die stigting van *Visit Stellenbosch* inisiatief. Dit bring verskeie rolspelers in die Stellenbosch omgewing bymekaar wat nou sal saamwerk om ons unieke streek te bemark met alles van die beste wat dit kan bied. Ek wil dan ook geluk sê aan Jeanneret Momberg wat aangewys is as die algemene bestuurder van *Visit Stellenbosch*. Franschhoek toerisme bly steeds onafhanklik bestaan as unieke en besondere handelsmerk.

and the pass reopened. We will keep you posted and pass on any information that we receive from the province in this regard.

Unfortunately the community of Johannesdal and Pniel experienced several power outages during the winter. We know this is extremely frustrating and disruptive for residents. I want to use this opportunity to explain the reasons for the interruptions to residents as well as to inform you about what we are doing to address and prevent this in future.

Although we have been very blessed with rain during this winter, we experienced several severe storms that included gale force winds which ripped off large branches and toppled trees. These broken branches and trees often impacted on power lines which resulted in power outages. The network, as we took it over from Drakenstien Municipality, has no zone protection built in. It is all a bit bit technical but basically it means that when there is a fault or a problem in the network, the entire region’s power supply is affected and not just the small zone where the fault actually occurs. This prolongs the fault-finding exercises and the actual repairing of faults. The entire network must be inspected before the power can be restored.

We have however put plans in place and made provision in the budget to address these issues. The network will be upgraded and the necessary zone protection will be installed in order to speed up the finding and repairing of faults. New equipment will also be procured and installed to replace old and outdated equipment. Branches and trees surrounding power lines are cut back as far as possible on a regular basis to prevent interruptions. We have budgeted for a new substation in Dwarsrivier that will allow us full control over our power distribution in our area.

September is both Heritage and Tourism Month. In our region, these two campaigns are very closely connected. Our heritage is part of what makes us a very popular tourist destination, both locally and internationally. I want to encourage you to get involved with heritage and tourism opportunities in our town. The E’bosch Heritage Project is an initiative that functions across our entire region and includes role-players from the Municipality, University, community and business sectors. Make contact with them and find out how you can get involved to preserve, expand and share our multicultural heritage. And, enjoy the fun that accompanies it!

You would have noted in our local media the coming together of our wine and tourism industry through the creation of the Visit Stellenbosch Initiative. It brings together various stakeholders from the Stellenbosch region that will now work together to market our unique region with all the best it has to offer. I also want to congratulate Jeanneret Momberg who has been appointed as the general manager for Visit Stellenbosch.

Ek het voorheen reeds gevra dat u tog asseblief planne indien vir alle aanbouings wat nie voldoende planne het nie. Na ’n lang grasietydperk begin die inspekteurs nou rondgaan en kyk of geboue wel voldoen. Dis belangrik vir veiligheid dat behoorlike planne goedgekeur word en ons plig as plaaslike owerheid om dit toe te pas. Ook agterplaasstrukture moet voldoen aan basiese vereistes. Doen tog asseblief die regte ding, dis nie lekker om mense aan te spreek nie. Tog is daar ook die moedswilliges wat bou soos hul wil en so die belasting vir verbeteringe ontsnap. As almal hul deel betaal is daar meer geld beskikbaar vir meer en beter dienste en kan die jaarlikse belastingkoers laag gehou word. Dis eenvoudig nie regverdig dat sekere inwoners alleen die dorpe moet onderhou en ander bedryf besighede of huise sonder enige bydrae tot dienste.

Huis ten Bosch het ongelukkig ’n brand op die derde verdieping ervaar. Gelukkig het ons brandbestryders, met hul vinnige en uitstekende optrede, lewensverlies en groot skade voorkom. Ons brandspan is werklik uitstekend en professioneel. Baie dankie aan Wayne Smit en sy span, die US bestuur en personeel en alle gemeenskapslede wat gehelp het in hierdie situasie.

My gunsteling tyd van die jaar is hier, lente! Lente in die Boland is baie besonders en ek probeer elke moontlike bietjie tyd buite spandeer. Dit gee my dan ook kans om in ons dorpe rond te stap en te kyk wat aandag nodig het. Ek hoop u geniet dit ook en maak die beste van ons mooiste maande.

Tot volgende keer.

Beste Wense
Burgemeester Gesie

Franschhoek tourism remains independent as a unique and special brand.

In the past I have asked that residents please submit plans for any and all building and construction work that does not have sufficient or complete plans on record. Following a long grace period, our building inspectors will now be going around to see which buildings adhere to this requirement. It is important for the safety of buildings that all plans are approved and it is our duty as local authority to enforce this. Backyard structures must also adhere to basic requirements. Please do the right thing, it is not fun having to lecture people. There are people who continue to build without the necessary plans or permissions in an effort to avoid the possible taxation of improvements. If everyone plays their part, more funds will be available for better services and the annual rates increases can be kept to a minimum. It is simply not fair that some residents support everyone while others run businesses or build houses without making any contribution to services.

Unfortunately Huis ten Bosch fell victim to a fire on the third floor. Luckily our fire fighters prevented loss of life and major damage through their swift and professional actions. Our team is truly one of a kind! Thank you to Wayne Smit and his team, the US management and staff as well as the community who provided assistance.

My favourite time of the year is here, Spring! Spring in the Boland is very special and I try to spend as much time as possible outdoors. It gives me an opportunity to walk around our towns and see what is in need of attention. I hope you enjoy it too and make the most of these beautiful months.

Until next time.

Best Wishes
Mayor Gesie